# Kampvuur KEKKEL

**hou KOERS!**

**WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA**





## Kersfees kom

Kersfees herinner ons aan die grootste geskenk wat die wêreld nog ooit ontvang het: Jesus Christus - gebore vir ons. In 'n stil nag, in 'n eenvoudige krip, het God se liefde mens geword.
Die Lig het in die duisternis ingekom, en daardie Lig skyn vandag nog.

Die engel se woorde aan die herders is steeds ons anker:
“Vir julle is vandag in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here.” – Lukas 2:11
Te midde van besige dae, vol voorbereidings en familiebyeenkomste, is dit goed om weer stil te word en te onthou: Hy het gekom vir ons - vir elke hart wat soek, vir elke gesin wat hoop, vir elke jongmens wat sy of haar pad nog vind.

Aan elke Voortrekker en gesin:
Mag Christus se vrede jou huis vul. Mag sy liefde jou dra. Mag sy lig jou lei.
'n Geseënde Kersfees en heerlike rustyd vir jou en jou geliefdes.

## Speel saam

Toets jou kennis oor Die Voortrekkers! Hoeveel lede het Die Voortrekkers tans? Hoeveel kommando’s is daar regoor die wêreld? En watter kommando het die grootste groei hierdie jaar getoon?
Ons almal dink ons ken die antwoorde – maar weet ons regtig?

Besoek gerus die skakel hieronder, beantwoord vyf vinnige vrae, en leer saam meer oor interessante feite oor ons beweging. Dit neem net 'n paar minute en is 'n prettige manier om jou Voortrekkerkennis te toets.
Klik hier en leer saam.

## Geloftedag

Op 16 Desember herdenk ons Geloftedag – 'n dag wat ons herinner aan geloof, moed en saamstaan. Die Gelofte was 'n verbintenis tot diens en dankbaarheid, en vandag leef ons dit steeds uit wanneer ons vir mekaar omgee en ons gemeenskappe bou.
Ons vier die erfenis van voorouers wat met durf die binneland ingetrek het vir 'n beter toekoms. Geloftedag roep ons om deel te wees van 'n groter verhaal: om met trots ons roeping uit te leef en lig te wees waar ons gaan. Mag hierdie dag ons inspireer om weer “ja” te sê vir diens, vir hoop en vir die toekoms – ons bou aan môre.

Voortrekkers wat naby die Voortrekkermonument woon, word hartlik uitgenooi om die verrigtinge by te woon. Jaarliks woon meer as 30 000 Afrikaners hierdie besondere geleentheid by, en ons moedig alle Voortrekkers aan om in aktiewe drag op te daag.
Na die diens sal die Voriemôl oop wees – kom geniet 'n koppie tee, koffie of koeldrank en kuier saam. Meer inligting oor Geloftedag en Kerssang by Kerslig is beskikbaar op die Voortrekkermonument se webwerf: www.vtm.org.za



Desember 2025

**EENMAAL 'N VOORTREKKER, ALTYD 'N VOORTREKKER – Ons KAN in Afrikaans**

# Desember Kersfees kom

## 'n Terugblik

Ons kyk met dankbaarheid terug. 2025 was 'n merkwaardige jaar waarin Afrikaans 100 feestelik gevier is. Benewens die eeufeesviering was daar talle hoogtepunte:

- Monumentoprigtings vir Afrikaans 100 in die Vrystaat, Kaapland, Hartbeesfontein, Namibië en Oos-Kaap.
- Die suksesvolle Trap der Jeugd-projek.
- Ontbytsake se benoeming van Die Voortrekkers as onderneming van die jaar.
- Ons insetsel op Kwêla oor kettieskiet en die groei van die sport met nuwe klubs.
- Die skuif van die Voriemôl en hoofkantoor na die Voortrekkermonument en die nuwe gebou by die Kultuurtuiste.
- Verskeie bemarkingsprojekte en sterk gemeenskapsbetrokkenheid landswyd.
- Die Hartsnaarliedjiekompetisie.
- Die Hou Koers-fonds wat waardige ondersteuning moontlik maak.
- Die opedag op Erfenisdag.
- Die Pikkewynkampvegters-bewaringsprojek.
- Die skuif van ons argief na die Erfenisstigting.
- Volgehoue groei op sosiale media.
- Die nasionale Offisieresaamtrek in Namibië.
- Vriend van Die Voortrekkers-toekennings vir toegewyde diens.

Ons is dankbaar vir elke Voortrekkerlid se bydra en opofferings.

## Het jy geweet?

Daar is 'n bepaalde volgorde waarin medaljes gedra moet word. Die hoogste medalje word altyd naaste aan jou hart gedra.

Dit beteken:

- As jy byvoorbeeld 'n gebiedsmedalje (blou) en 'n gemeenskapsmedalje (groen) het, kom die blou medalje eerste, dus naaste aan die middel van jou bors.
- Wanneer jy na formele Voortrekkerdrag kyk, verskyn die hoogste medalje links van die ander - die kant naaste aan die kepie van die baadjie.

Baie mense dra dit per ongeluk verkeerd en daarom is dit goed om seker te maak of jou medaljes in die korrekte volgorde is.



**Kode 5 - 'n Voortrekker is trots op sy taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.**


Hierdie kode herinner ons daaraan dat ons 'n unieke erfenis dra - een wat deur generasies opgebou is. Wanneer ons Kode 5 uitleef, kies ons om Afrikaans te koester, ons tradisies te deel en ons geskiedenis met waardigheid te bewaar. Dit gebeur in ons woorde, ons dade en die manier waarop ons saam gemeenskap bou.
Elke Voortrekker speel 'n rol om ons taal en kultuur lewendig te hou. Ons dra dit met trots - en ons gee dit met liefde aan die volgende geslag oor.

## DIE VORIEMÔL



Het jy al jou Geloftehemp gekoop? Slegs R250.

Die Voriemôl sluit op 16 Desember 2025 en die laaste dag vir bestellings is 12 Desember 2025. Die Voriemôl maak weer 12 Januarie 2026 oop.



## Hou ons dop op sosiale media

Help ons om Die Voortrekkers se storie verder uit te dra — *like*, lewer kommentaar en deel ons plasings. Elke interaksie help ons met bemarking en vergroot ons gehoor. Dankie dat jy saam die woord versprei.

## Die Kruitvat Geloftetoer 2025

In 1835 begin die swepe klap en die wawiele rol in die Oos-Kaap. Grensboere word weer trekboere. Kaapse Nederlandssprekende burgers laat plase agter en trek die onbekende binneland in om weg te kom van onsimpatieke Britse oorheersing en voortslepende onrus. Die Groot Trek begin en sou 'n paar jaar duur soos al meer trekgroepe vertrek.
Die **Kruitvat Geloftetoer** in die Oos-Kaap vind plaas van 11 tot 16 Desember 2025. Ons vertrek vanaf Kragga Kamma Voortrekkerterrein in Port Elizabeth per bus en sluit weer daar af.
Op 'n groter bus wat ons nou bespreek het is daar nog 5 plekke beskikbaar teen 'n toerprys van R3 470 per persoon. Spring vinnig en bespreek jou plek by https://skryfin.voortrekkers.co.za/?kampID=1815 teen Vrydag, 5 Desember 2025 om 16:00.

## Neem Kennis

Die Hoofkantoor sluit 12 Desember 2025.

Die Transvaal Voortrekkers Museum by die Voortrekkermonument sal tydens Geloftedag oop wees.